Beeld 1 Junie 2006, p16

# Vooroordele kon nie staande bly

## Wit reus in swart toga word geponiesterte jeugdominee



**Beeld-forum**

Jonathan Jansen

Ek en my broer is gewoonlik tydens skoolvakansies van die Kaapse Vlakte weggestuur na my klein geboortedorpie Montagu, waar ons die tydjie by my ouma en tantes deurgebring het. Die angswekkendste deel van daardie vakansies was die Sondagoggend-besoeke aan die NG Sendingkerk, daardie fraai stuk argitektuur in die dorp wat uiteindelik net nog 'n slagoffer geword het van apartheid se obsessie om die plek wit te hou. Wat my meer as enigiets beangs het, was die verskyning van 'n gedaante van agter die verhewe preekstoel: 'n wit reus geklee in 'n swart toga sou, sonder waarskuwing, die begrafnisstilte tussen die kerkbanke onderbreek en in 'n diep, weergalmende stem aankondig: "Ons slaan ons oë OP na die berge . . ."

Mens, het dit nou Gods vrees by my ingeprent! Gelukkig sou die res van die verrigtinge my gou weer aan die slaap sus.

Vergewe my dus dat ek 'n onlangse uitnodiging om by die NG Kerk Skuilkrans te gaan praat met bewing aanvaar het. Dit was die begin van Pinksterfeesweek en ek was die inleidende spreker oor die tema "Om te luister".

My vooropgesette menings het verwagtinge van 'n bejaarde, glimlaglose dominee in swart opgetower, asook van 'n leliewit kerk, 'n paar stram Afrikaanse liedere (psalms!), halfleë banke vol pensioentrekkers, swaar orrelmusiek, 'n gewigtige voorwoord en die weifelende oorhandiging aan Jansen (ja, miskien het sommige gelowiges 'n wit gesig verwag!).

Toe ek die trappies na die kerk opklim, groet 'n jong swart dame my in Pedi. Tot my verbasing sluit sy by die spannetjie op die verhogie aan om die gemeente in sang te begelei. Die voorsanger ('n jong dominee, aangetrek asof hy pas in Menlyn inkopies gedoen het) spog boonop met 'n poniestert! In 'n staat van skok gewaar ek 'n groepie jong meisies wat die verhoog betree om vir die volgepakte kerk (onder hulle 'n groot groep jeugdiges) uit te voer waarna charismatiese kerke as "geestelike danse" verwys.

Die geponiesterte jeugdominee is in 'n trans, lig met toe oë sy hande in aanbidding en tokkel sy kitaar op die wysie van 'n mengsel Afrikaanse en Engelse liedjies; iets waaraan ek in Baptistekringe gewoond geraak het.

Terwyl ek wag om te praat, kom groet oud en jonk my; sommige van hulle familie van kollegas, ander wil bloot kom sê hoe bly hulle is om my in hul kerk te hê. Ek voel skaam oor my vooroordele.

Toe dit my beurt raak om te praat, vertel ek die meegevoerde gehoor wat ek geleer het by hul kinders; daardie kosbare voorgraadse studente aan die Universiteit van Pretoria en daardie verruklik eerlike hoërskoolkinders uit die omgewing.

Ek vertel hulle van die kinders se trane wanneer hulle oor konflik in hul ouerhuise gesels; oor hul probleme met die oorsteek van rasse- en taalgrense; oor hul vrese oor uitsluiting uit die post-apartheid-arbeidsmark; oor hul blywende idealisme betreffende 'n onderwysloopbaan.

Toe die diens sy einde nader, keer die geestelike dansers terug om my "die hande op te lê". Hulle bid dat ek wysheid en sterkte sal ontvang om my te help om my rol as dekaan aan Tukkies op bekwame wyse te vervul. Die jong dominee versoek God in 'n roerende gebed om ons in ons persoonlike lewens te red van rassisme en seksisme.

Ons stap uit en die stralende senior dominee deel my mee dat die kerk deur Carel Boshoff gebou is. Einste hy, daardie aartskonserwatiewe ideoloog wie se drome van 'n volkstaat vir wit Afrikaners slegs in 'n woestynagtige deel van die Noord-Kaap voortbestaan.

Toe ek omdraai, loop ek my vas in 'n waardige ou dame genaamd Annemarie Bosch – eggenote van daardie grootse Afrikanerteoloog van Unisa, David Bosch, wat jare gelede beroemd geraak het na aanleiding van sy diepsinnige sieninge rakende rasseversoening, op 'n tydstip toe dit nog gevaarlik was om sulke gedagtes te koester.

Ja, sommige mense beweer sy grusame dood in 'n motorongeluk was, wel, nie 'n ongeluk nie.

Hierdie ontmoeting met die vrou van een van my jeughelde uit 'n tydperk toe ek 'n jong student was wat gesukkel het om persoonlike geloof en sosiale geregtigheid deur die saambindende krag van my Christelike verbintenis met mekaar te versoen, het my oorweldig.

Die eerste stene mag wel deur prof. Boshoff gelê gewees het; 'n deel van die kerkgebou sal na prof. Bosch vernoem word.

Ek draai my toe om na die senior dominee en doen navraag oor lidmaatskap.